KOL COE
P.P. MYBURG 1992-12-23
K307
HT.

DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE THE SOUTH AFRICAN POLICE

HANDELSMISDAADEENHEID
JOHANNESBURG 2000
FAKSNR (011) 497-7186
TEL NO: (011) 836-8828

AAN: KOMPOL VIR AANDAG: KOL MEYBURGH

FAKS NR: (012) 320-2984 DATUM: 1992-12-23

U VERW: 29/61/2/40(229) MY VERW: JVP MR 968/01/87

GEHANTEER DEUR: LT/KOLONEL G.F. KITCHING

AANTAL BLADSYE, DEKBLAD INGESLUIT: 2

ONDERWERP: UITLEWERING : R.O. HILL

BOODSKAP:

Op 1990-11-29 het hierdie kantoor op versoek van die Prokureur-Generaal, Witwatersrand u genader om die owerhede in die VSA vir die arrestasie van R.O. Hill te nader. Die Amerikaanse owerhede het die nodige lasbriewe uitgereik vir die arrestasie van R.O. Hill met die oog op 'n moontlike uitlewering aan die Republiek. As bewys dat 'n lasbrief vir R.O. Hill in die Republiek uitgereik is, is hulle voorsien van 'n lasbrief gedateer 1990-11-21 op aanklagte van bedrog.

Hierdie lasbrief is 'n tweede lasbrief ten opsigte van dieselfde saak wat uitgereik is. Die eerste lasbrief is gekanselleer aangesien dit voorsiening gemaak het vir aanklagtes van bedrog en oortredings van die Deviesebeheerregulasies, 1961 soos gewysig.

SAHA
ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive - Since 1988

Die Prokureur-Generaal het nou stukke ontvang van die Departement van Buitelandse Sake waarin R.O. Hill 'n aansoek geloods het in die VSA om die Amerikaanse lasbrief te laat kanselleer. Die basis waarop hy die Amerikaanse howe genader het, was dat die Suid-Afrikaanse regering oneerlik was met hul versoek vir die lasbrief. Dat die saak doelbewus ingekleur word as bedrog terwyl die saak inderdaad te doene het met oortredings van die Deviesebeheerregulasies. Hy het ook te kenne gegee dat hy 'n aksie om skadevergoeding teen die Suid-Afrikaanse regering gaan instel aangesien hy inkomste verloor het deur hy nie in staat was om sy besighede in die VSA te bedryf nie. Hy beweer die VSA lasbrief het dit verhinder.

Hierdie kantoor is nou deur die Prokureur-Generaal, Witwatersrand genader om hom te voorsien van u (KOMPOL) se versoek aan die toepaslike owerhede om die uitreiking van die lasbrief vir R.O. Hill se arrestasie. Hy benodig u versoek om die aksie in die VSA te beveg.

Geliewe asseblief hierdie kantoor dringend van 'n afskrif van u versoek te voorsien.

Kitching LT/KOLONEL
C.F. KITCHING

ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive · Since 1988

SAP433

DIE SUID-AFRIKAANSE POLISIE THE SOUTH AFRICAN POLICE

TELEFAX
DEKBLAD - COVERING SHEET

| | | | |
|---|---|---|---|
| Aan<br>To | HME, JOHANNESBURG | Vir aandag<br>For attention | BRIG TALJAARD<br>LT-KOL KITCHING |
| Faks No<br>Fax No | 011-4977186 Datum 1992-09-17<br>Date | Tel afsender<br>Tel sender | 012-3222674 |
| U verw<br>Your ref | JVP MR 968/01/87 | My verw<br>My ref | 29/61/2/40(229) |
| Afsender<br>Sender | KOLONEL BOSMAN | Gehanteer<br>Dealt with by | KOL BOSMAN |
| Aantal bladsye, dekblad ingesluit<br>Number of sheets, including covering sheet | / | Faks afsender<br>Fax sender | (012) 3202984 |

Onderwerp / Subject: UITLEWERING : ROBERT OLIVER HILL

Boodskap

Graag word verneem hoe ver die aangeleentheid gevorder het ten opsigte van die uitlewering van Hill.

Hierdie inligting word verlang om die Hoofkantoor lêer op datum te bring.

Vriendelike groete

Bosman

KOLONEL

n/EENHEIDSHOOF : HANDELSTAK
I J BOSMAN

wp/lib05/telefax3/ms

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive · Since 1988

SAP 455

DIE SUID-AFRIAANSE POLISIE THE SOUTH AFRICAN POLICE

TELEFAX
DEKBLAD - COVERING SHEET

Aan / To: Eenheidsbevelvoerder HME Johannesburg
Vir aandag / For attention: Kolonel Esterhuizen

Faks No / Fax No: 011-4977186
Datum / Date: 1992-05-04
Tel afsender / Tel sender: 012 3222962

U verw / Your ref: Onbekend
My verw / My ref: 29/61/2/40(229)

Afsender / Sender: Brig Nel
Gehanteer deur / Dealt with by: Brig Nel

Aantal bladsy, dekblad ingesluit / Number of sheets, including covering sheet: 1
Faks afsender / Fax sender: 012 3202984

Onderwerp / Subject: Voortvlugtende misdadiger: RO Hill

Boodskap / Message: Ek het so pas 'n telefoon oproep vanaf Ms Carin Edes van die SA Ambassade se konsulêre afdeling in Washington ontvang. Sy deel mee dat die US Dept of Justice meedeel dat RO Hill in die VSA is en of ons aansoek om sy uitlewering wil doen?
Haar telefoonnommer is 091-202-9661652 indien die ondersoekbeampte met hierdie besondere behulpsame en vriendelike dame wil kommunikeer.

Bestaande inligting foutief!

[signature]
BRIGADIER
MJ NEL

Bêre [signature]
BRIGADIER
MJ NEL
1992-05-07
H Tak K306
92-05-07
S1

SAHA ARCHIVE FOR JUSTICE
South African History Archive • Since 1988